

Die Bybel en Selfliefde

Word Christene beveel om *hulself* lief te hê?

Joel James

Kopiereg © Joel James, 2019

Word of the Cross

Die boekie mag in gedrukte of elektroniese vorm versprei word onder die volgende voorwaardes:

- Die verspreiding moet gratis wees
- Geen veranderinge mag aan die teks aanbring word nie
- Alle kopieë moet die volgende bevat:

Die Bybel en Selfliefde;

Word Christene beveel om *hulself* lief te hê?

Kopiereg © Joel James, 2019.

Gebruik met toestemming.

Indien u die boekie vir ander redes wil gebruik, moet toestemming verkry word vanaf **Word of the Cross**.

Oorspronklike uitgawe:

The Bible and Self-Love; Are Christians Commanded to Love *Self*?

© Joel James, 2004.

Skryfaanhalings geneem uit:

Die Bybel in Afrikaans. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 1933, 1953.

Gebruik met toestemming.

Die 1983 Bybelboek-name is gebruik

Uitgegee deur

Word of the Cross

Posbus 39263

Garsfontein-Oos

0060

Suid-Afrika

orders@gracefellowship.co.za

Inhoudsopgawe

Inleiding.....	1
Waar kom Selfliefde vandaan?	2
Vanuit die Wêreld tot in die Kerk.....	4
Nege Probleme in die Selfliefde-leerstelling.....	8
Probleem 1: Oorsprong.....	8
Probleem 2: Definisies.....	9
Probleem 3: Stilte.....	12
Probleem 4: Instruksie	12
Probleem 5: Aanbidding.....	15
Probleem 6: Vergelyking	17
Probleem 7: Eie-roem	18
Probleem 8: Vrees vir Mense	20
Probleem 9: Teenstrydigheid	21
Slotwoord	23

Inleiding

Wat is werklik belangrik in 'n Christen se lewe? Jesus het dit duidelik gestel in die merkwaardige woorde:

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.

Matteus 22:37 – 39

Rekenkunde in die Christen se lewe is eintlik maklik: mens moet slegs tot twee kan tel. Daar is egter in ons tyd 'n derde gebod gevoeg by dit wat Jesus ons beveel het: die sogenaamde gebod om onself lief te hê. Voorstanders van die sogenaamde nuwe Christelike rekenkunde beweer dat Jesus ons beveel het om onself eers lief te hê voordat ons ander mense kan liefhê. Met ander woorde, liefde vir onself het *de facto*, die eerste gebod in die Christen se lewe geword.

Dit is dan nie verrassend nie dat selfliefde en 'n goeie selfbeeld vir menige Christene die een-pil-vir-alle-kwale-kuur geword het vir elke geestelike en emosionele probleem. James Dobson, 'n bekende skrywer en radio-aanbieder het gesê: "As ek 'n voorskrif vir die vroue in die wêreld sou kon skryf, sou dit 'n gesonde porsie eiewaarde en 'n goeie

selfbeeld bevat... Ongetwyfeld is dit hulle grootste nood.”¹ Is ‘n goeie selfbeeld of selfliefde ons grootste behoefte? Sou die stemme wat herhaaldelik roep om onself lief te hê in die Bybel voorkom? Is die sogenaamde nuwe rekenkunde geldig: drie goddelike geboorte in plaas van twee?

Waar kom Selfliefde vandaan?

Die geskiedenis van ‘n leerstelling, in hierdie geval die selfliefde-leer, gee dikwels waardevolle insigte. Voor die vyftiger jare het geen Christelike literatuur oor die noodsaaklikheid van selfliefde verskyn nie. ‘n Stroompie in die vyftiger jare het tot ‘n rivier tydens die sestiger jare en ‘n stortvloed in die sewentiger jare ontwikkel. Die verskyning van Christelike boeke oor selfliefde het binne twee dekades vanaf die onbelangrike tot ‘n toonaangewende hoogtepunt gestyg. Vir tweeduisend jaar is niks daarvoor geskryf nie, waar kom hierdie vreemde leerstelling nou vandaan?

Alhoewel dit ‘n nuutjie in die Christelike lewe is, is selfliefde nie nuut nie. Die vader van die selfliefde-teorie was die Amerikaanse filosoof en sielkundige William James (1842 - 1910). Hy beskryf twee tipes selfliefde: een is “selfingenomenheid” (goeie gevoelens ten opsigte van die self) en die ander, “selfbehoud” (ons natuurlike neiging om onnodige ongemak, pyn en lyding te vermy).

¹ James Dobson, *What Wives Wish Their Husbands Knew About Women* (Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers, Inc., 1975), p. 35.

In die 1900's het William James se self-gevoelens-teorie saamgesmelt met eksistensialisme. Eksistensialiste soos Jean-Paul Sartre het voorgestel dat elke mens sy eie waarheid, realiteit en goedheid bepaal. Natuurlik is selfliefde dan 'n logiese gevolg indien die mens sy eie realiteit bepaal. Sartre het dit as volg uitgedruk: "Ander mense is die hel". Met ander woorde, die hemel is die *self* – selfstandig, eie plesier, selfliefde.

Hierdie filosofiese regverdiging vir selfbehepthed vloei saam met die evolusie-teorie. Indien die mens op die boonste trap van die leer staan vanaf die oertoestand tot by die hoogtepunt van goddelikheid, volg dit vanselfsprekend dat ons onself moet liefhê. Ons is inderdaad die beste wat daar is. In die middel van die 1900's is hierdie idees by die teorieë van 'n sielkundige, Eric Fromm gevoeg. Fromm het in sy teorie verklaar dat selfliefde 'n basiese noodsaaklikheid in die menslike bestaan is. Sy gevolgtrekkings was nie op streng wetenskaplike studie van menslike gedrag gebaseer nie; dit was filosofiese bespiegeling.

Navorsing het verbasend genoeg, nog nooit bewys dat selfliefde belangrik vir 'n stabiele suksesvolle lewe is nie. Thomas Scheff van die Universiteit van Kalifornië skryf: "Duisende studies oor selfbeeld en eiewaarde is sedert die tweede Wêreldoorlog gedoen, maar die resultate was almal onoortuigend."² Studies toon dat sommige mense hulle

² Aanhaling uit Martin en Deidre Bobgan, *Prophets of Psychoheresy II* (Santa Barbara, California: Eastgate Publishers, 1990), p. 124.

wangedra omdat hulle minderwaardig voel, maar ook dat sommige wel baie goed voel oor hulself. Ter dood veroordeelde gevangenes het dikwels 'n baie hoë dunk van hulself.

Ten spyte van die afwesigheid van getuienis om Eric Fromm se bewerings te ondersteun, het Carl Rogers (nog 'n godheid in die sielkundige pantheon) Fromm se selfliefde-bespiegelings in 'n prakties uitvoerbare sielkundige sisteem georganiseer. Sy sienings draai om die as van die mens se goedheid. Rogers meen dat mense inherent goed en wys is en hulle pad in die lewe kan vind indien hulle sou leer om hulself te aanvaar en lief te hê. Ons kan met veiligheid aanneem dat Rogers sy siening nie uit God-geïnspireerde boeke soos Romeine (die mens is inherent goed?) en Spreuke (die mens is inherent wys?) geneem het nie.

Vanuit die Wêreld tot in die Kerk

Alhoewel selfliefde nooit in die kerk voorgestaan is nie, is die teorieë van Rogers, Fromm (en ander soos Maslow en Adler) ingebring in die kerk deur Christene wat aan universiteite Sielkunde gestudeer het. Die resultaat was 'n golf boeke in die sewentiger jare wat die kerk oorspoel het met 'n vreemde leer naamlik dat selfliefde die sleutel is tot liefde vir God en ander.

Selfliefde het die kerk soos 'n storm getref. Bykans alle emosionele, geestelike en morele probleme is omskryf in terme van 'n persoon se slegte selfbeeld of minderwaardigheidsgevoel. James Dobson het byvoorbeeld

in 1970 oor die agteruitgang van die modern samelewing geskryf:

Dus, waar ookal die sleutels tot eiewaarde op die oog af buite die bereik van die meeste mense is, soos in die twintigste eeuse Amerika, sal wydverspreide “sielsiektes” soos neurose, haat, alkoholisme, dwelmverslawing, geweld en sosiale wanorde definitief voorkom.³

Dit is ‘n belangrike herdefiniëring van die samelewing se probleme: sosiale chaos spruit nie voort uit ‘n blatante verontagsaming vir God se glorie nie, maar uit ‘n tekort aan selfliefde.

Die skuif vanaf ‘n God-gesentreerde siening ten opsigte van ons swak gedrag na ‘n mens-gesentreerde siening was slegs die begin. Robert Schuller was ‘n ander steunpilaar wat die kerk uit die wildernis van veronderstelde onkunde ten opsigte van menslike probleme wou red. In 1982 het Schuller, ‘n Amerikaanse televisie-evangelis, ‘n boek *Self-Esteem: The New Reformation* geskryf. ‘n Welgestelde ondersteuner het geld bewillig sodat die boek gratis aan elke predikant in die VSA geskenk kon word. Schuller het ook voorgestel dat die kerk ‘n hervorming dringend nodig het soortgelyk aan die Protestantse hervorming van die 1500’s. Nou, egter, eerder as die slagspreuk *Sola Scriptura* of redding deur geloof alleen, is die slagspreuk: “Ons moet

³ James Dobson, *Hide and Seek*, rev. ed. (Old Tappan, New Jersey: Fleming H. Revell Company, 1979), p. 12-13.

onself liefhê.” Inderdaad reken Schuller dat alle teologie hersien moet word in die lig van die selfliefde-leerstelling.

Hier is ‘n paar voorbeelde hoe Schuller die teologie herskryf met die selfliefde-pen. Sonde is nie meer rebellie teen ‘n heilige God nie. Dit is “enige gedagte of handeling wat my eie of enige ander mens van hulle selfbeeld ontnem”⁴. Die hel, volgens Schuller, is die verlies van hoogmoed wat natuurlikerwys volg wanneer mens jousef onttrek van God... ‘n persoon is in die hel wanneer hy sy goeie selfbeeld verloor.⁵

Eerder as vergifnis wat red uit God se wraak, sê Schuller: “Selfingenomenheid of ‘trots dat ek mens is’ is die enkel grootste nood wat die menslike ras ondervind.” Hy voeg by: “Wat ons nodig het, is ‘n teologie van redding wat begin en eindig by die erkenning van elke persoon se honger na roem.”⁶ Dit is inderdaad ‘n selfliefde-hervorming; eintlik sou *revolusie* meer akkuraat wees.

God is, sonder verskoning, uitgehaal uit die fokus van teologie en die mens is in daardie plek geplaas. Schuller maak geen geheim van sy skuif vanuit ‘n God-fokus na ‘n mens-fokus nie.

⁴ Robert Schuller, *Self-Esteem: The New Reformation* (Waco, Texas: Word Books, 1982), pp. 14-15.

⁵ Ibid., p. 19.

⁶ Ibid., p. 11.

Die 'Menswaardigheid van die Persoon' sou die volgende teologiese maatstaaf wees... Die kruis heilig die eie ek.⁷

In die nuwe rekenkunde van die Christen se lewe het twee gebooie drie geword wat dan een geword het. Agting vir God en die naaste het verdwyn in 'n wolk van selfliefde. Is hierdie eienaardige leerstelling van selfliefde inderdaad Bybels?

⁷ Robert Schuller, *Self-Esteem: The New Reformation* (Waco, Texas: Word Books, 1982), p. 75. Schuller is een van die stigterslede van die "Kerkgroei" (Church Growth) beweging. Bill Hybels van Willow Creek het dikwels gesteun op Schuller se Kerkgroei metodiek. Schuller se metodiek is eenvoudig: verseker dat mense elke Sondag goed voel oor hulself. Vul mense met warm en liefdevolle gevoelens teenoor hulself, en jou kerk gaan groei.

Nege Probleme in die Selfliefde-leerstelling.

Probleem 1: Oorsprong

Die eerste probleem met die idee dat selfliefde die sleutel tot 'n seëvierende Christelike lewe is, word duidelik gesien in die geskiedenis daarvan. Die besmette fontein van die wêreldse wysheid is die oorsprong. Liefde vir self, selfingenomenheid en eiewaarde het nie uit die Bybel gekom nie. Dit kom vanuit die wêreldse sielkunde met sy korrupte agtergrond: evolusie, eksistensialisme en die oortuiging dat die mens inherent goed en wys is. God is nie stilswyend oor die feit dat daardie teologie gebou is op só 'n oorsprong nie.

Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie.

Kolossense 2:8

Die selfliefde-leerstelling se wêreldse oorsprong verdoem dit van die begin af: dit is nie van, nie oor en nie volgens Jesus Christus nie. Dit is vanuit die ewigdurende veranderende tradisies van die mens geneem, die filosofiese spekulering van die wêreld, en het niks te doen met Jesus Christus nie. Enige leer wat nie van, oor of volgens Christus is nie, moet nie onderrig word in die *Christelike* geloof nie.

Probleem 2: Definiesies

Sommige verklaar dat selfliefde altyd in die Bybel voorgekom het: predikante, kommentators en beraders het dit net tweeduisend jaar lank misgekyk.

En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos *jouself*.

Matteus 22:39 (klem bygevoeg)

Daar is twee moontlike definiesies vir die woord *selfliefde*. Een is selfbehoud; die ander een is selfwaarde of toegeneë gevoelens vir myself. Watter een het Jesus bedoel? Voorstanders van die selfliefde-leerstelling beweer dat Jesus bedoel het dat liefde vir ander mense gebaseer is op liefde vir die self, eiwaarde of selfingenomenheid. Maar, dié veronderstelling is 'n onaanvaarbare manier om die Bybel te interpreteer. Kan ons beter doen? Ja, ons kan.

Eerstens het Jesus 'n gedeelte in die Ou Testament, Levitikus 19:18, aangehaal. Levitikus 19 sal ons help om te bepaal waarna Jesus verwys het, selfliefde of selfbehoud. Dit is 'n lang gedeelte, maar lees dit noukeurig.

En as julle die opbrings van julle land oes, moet jy die kant van jou land nie heeltemal afoes en die are wat val, nie versamel nie. Jou wingerd moet jy ook nie skoon afoes nie, en die trossies wat van jou wingerd val, nie versamel nie. Vir die arme en die vreemdeling moet jy dit laat oorbly. Ek is die HERE julle God. Julle mag nie steel nie, en julle mag nie lieg nie, en julle mag die een die ander nie bedrieg nie. En julle mag nie vals sweer by my Naam en so die Naam van jou God ontheilig nie. Ek is die HERE. Jy mag jou naaste nie verdruk of beroof nie.

Die dagloner se loon mag by jou nie tot die m^ore toe bly nie. Jy mag 'n dowe nie vloek nie, en voor die blinde geen struikelblok lê nie; maar jy moet jou God vrees. Ek is die HERE. Julle mag geen onreg doen in die gereg nie. Jy mag vir die geringe nie partydig wees nie en die aansienlike nie voortrek nie. Met geregtigheid moet jy oor jou naaste oordeel. Jy mag nie as 'n kwaadspreker onder jou volksgenote rondloop nie. Jy mag nie teen die lewe van jou naaste optree nie. Ek is die HERE. Jy mag jou broer in jou hart nie haat nie. Jy moet jou naaste vrymoedig berispe, sodat jy om sy ontwil geen sonde op jou laai nie. Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, *maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself*. Ek is die HERE.

Levitikus 19:9-18 (klem bygevoeg)

God het hierdie lys opdragte saamgevoeg in die woorde “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself”. Wat sluit daardie liefde in? Voorsien vir die wat honger is. Geen bedrog, diefstal of leuens in besigheid nie. Dit sluit ook meineed in die hof, geen onderdrukking, roof of onvoldoende betaling vir 'n werknemer in. Ook mag ons geen onmenslike voordeel trek uit swakkeres of gebreklikes nie, asook nie partydig wees in ons oordeel nie. Liefde vir ons naaste verbied skinder, moord, haat, wraak neem en bitterheid. Die motief vir hierdie naaste-gefokusde gedrag is duidelik as gevolg van die herhaling daarvan. God se glorie word versterk deur die die refrein “Ek is die HERE.”

Dus beteken “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” inderdaad “Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen” (Matteus 7:12). Die liefde in hierdie gedeelte beteken doen-liefde,

gemotiveer deur God se glorie en nie selfliefde nie. Die Ou Testamentiese gedeelte wat Jesus aangehaal het, was oor die toepassing van selfbewarende instinkte ten opsigte van iemand anders, nie myself nie.

Natuurlik was Matteus 22 nie die enigste plek waar Jesus Levitikus 19:18 aangehaal het nie. In Lukas 10 het Jesus 'n wetsgeleerde se vraag oor die ewige lewe geantwoord met dieselfde “Jy moet die Here liefhê... en jou naaste soos jouself.” Om homself te regverdig het die man gevra: “En wie is my naaste?”

As antwoord het Jesus die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan vertel. Nie alleen het Jesus se antwoord uitgespel wie ons naaste is nie, dit sê ook na watter soort liefde hy verwys: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” Liefde vir die naaste beteken ons moet ons tyd, wyn, olie en geld beskikbaar stel om iemand anders in nood te help. Die swaartepunt van die teks lê in die doen, in die aksie. Die selfbewarende goedheid wat ons aan onself gedoen wil hê, indien ons geslaan en gelaat is vir dood, moet ons aan ons naaste bewys. Selfbewaring en selfgevoelens is opvallend afwesig.

Dus, beide die Ou Testamentiese bron asook Jesus se gebruik van dieselfde aanhaling in Lukas leer ons dat die liefde in “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself”, 'n selfbehoudende liefde was, nie selfliefde nie. Ook is die feit belangrik dat die Griekse woord vir liefde in Matteus 22:39 en Lukas 10:27 die woord *agapao* is. Die Nuwe Testamentiese gebruik verklaar dat dit 'n aksie-woord en 'n keuse is.

Die probleem met die selfliefde-leerstelling se interpretasie van Matteus 22:39 is 'n kwessie van *definisie*. Niks dui aan dat die liefde waarvan Jesus gepraat het, goeie gevoelens vir die self was nie. Alles dui daarop dat Jesus verwys het na mense se instink om in 'n selfbehoudende manier op te tree. Daardie instink is soos 'n onderwyser wat ons leer hoe om te sorg vir ander.

Probleem 3: Stilte

Ten spyte van die verregaande aansprake dat die selfbeeld en selfliefde 'n mens se grootse behoefte is, is die Bybel opvallend stil oor die onderwerp. Die Bybel veronderstel dat die mens selfbehoudend optree en bemoedig ons dat ons dieselfde doen ten opsigte van ons naaste. Geen Skrifgedeelte moedig ons aan om toegeneentheid teenoor onself te koester nie. Hierdie is inderdaad 'n vreemde stilte indien liefde-vir-die-self ons grootste behoefte is.

Probleem 4: Instruksie

Alhoewel die Bybel nie liefde teenoor die self aanmoedig nie, is die Skrif nooit stil oor die onderwerp van die self nie. In werklikheid verbied al die opdragte ten opsigte van die self, die idee van selfliefde.

... As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.

Matteus 16:24

Jesus het gesê dat wanneer 'n mens 'n Christen word, hy doelbewus onderneem om homself te verloën of afstand te doen van homself. Jesus se volgelinge moet hul eie doelstellings, wense en agendas ter syde stel. Daar is geen plek vir selfliefde in die gebod "...homself verloën en sy kruis opneem en My volg" nie. Jesus het nie 'n aan-die-self-verslaafde Christenwees geleer nie.

'n Tweede gedeelte in die Bybel wat die selfliefde-leerstelling teenstaan, is te vinde in 2 Timoteus 3:1-4. Selfliefde is nie die mens se grootse behoefte nie, dit is juis sy allergrootste probleem.

Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. *Want die mense sal liefhebbers van hulself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God ...*

2 Timoteus 3: 1-4 (klem bygevoeg)

Waarom sal die laaste dae 'n tyd vol morele opskudding, rumoer en onstuimigheid wees? Omdat mense hulself sal liefhê. Goeie gevoelens teenoor die self is juis soos 'n afvoerpyp wat die afval van bogenoemde gedeelte wegvoer.

Die woord *liefde* in bogenoemde Skrifgedeelte is 'n ander woord as wat Jesus in Matteus 22:39 gebruik het. Hierdie woord was *phileo*. Terwyl *agapao* na doen-aksie verwys, dui *phileo* op goedgesindheid, vriendskap en toegeneentheid. *Phileo* is die Nuwe Testamentiese woord wat 'n akkurate

beskrywing vir die self-toegeneentheid in die hedendaagse selfliefde is.

Ver verwyderd van die teorie dat 'n gevoel van minderwaardigheid óf 'n slegte selfbeeld, óf 'n tekort aan selfliefde, die oorsaak van wangedrag en die verval van die samelewing is, leer 2 Timoteus 3: 1-4 juis die teenoorgestelde. Die hedendaagse morele verval is juis die gevolg van die mens se liefde teenoor homself. Met ander woorde, selfliefde-voorstanders verkondig as oplossing of kuur dit wat God as oorsaak verdoem. Die ooreenkoms tussen Paulus se woorde in 2 Timoteus 3: 2-4 en dié van James Dobson, soos voorheen genoem, is opvallend.

Paulus:

Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God ...

2 Timoteus 3: 2-4

Dobson:

Dus, waar ookal die sleutels tot eiwaarde op die oog af buite die bereik van die meeste mense is, soos in die twintigste eeuse Amerika, sal wydverspreide "sielsiektes" soos neurose, haat, alkoholisme,

dwelmverslawing, geweld en sosiale wanorde definitief voorkom.⁸

Daar is nie regtig 'n verskil tussen die twee standpunte nie, behalwe ten opsigte van die *oorsaak* van die sosiale agteruitgang. Alkoholisme en dwelmverslawing is 'n onbeheerbare liefde vir plesier. Sosiale wanorde (wel gedeeltelik) is “on gehoorsaamheid teenoor die ouers.” Ondankbare, onversoerbare en verraderlike persone wat die goeie haat en geen beheer oor hulleself het nie, word as geestelik versteurd geklassifiseer. Die “sosiale wanordelikheid” wat Dobson in die hedendaagse Westerse samelewing waarneem, is die morele mêlée wat Paulus voorspel het. 'n Tekort aan selfliefde is die sondebok beweert die sielkunde. God sê die teenoorgestelde. Al twee kan nie korrek wees nie.

Probleem 5: Aanbidding

Die vyfde probleem is 'n *aanbiddings*-probleem. Mense is skepsels wat aanbid, maar as gevolg van sonde het ons 'n slegte gewoonte om die verkeerde te aanbid. Ons is geneig om die skepsel eerder as die Skepper te aanbid.

Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlijkheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende

⁸ *Hide and Seek*, rev. ed., p. 12-13.

diere ...hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid (Romeine 1: 22-23,25).

Dit is juis selfliefde se probleem: dit is mens-aanbidding. Selfliefde-voorstanders bevorder natuurlik hulle argumente om die mens-verheerliking te verdedig. Hulle dui vinnig daarop dat die mens na die beeld van God geskape is. Dit is verseker korrek. Maar leer die Bybel enigsins dat die mens na die beeld van God geskape is, sodat dit 'n rede is om op die mens *self* te fokus?

Hierdie logika herskryf Psalm 139 se “Ek loof *U* omdat ek so wonderbaarlik geskape is” na “Ek loof *Myself* omdat ek so wonderbaarlik geskape is.” Jy mag dink dat hierdie oordryf is, maar let op die volgende uitlating van Robert Schuller: “Selfliefde is die goddelike bewus-wees van die persoonlike waardigheid. Dit is wat die Grieke genoem het “eerbied vir die self.” Dit is ‘n standhoudende geloof in jouself.”⁹ Eerbied en geloof is verplaas van God na die self. Dit is aanbidding van die skepsel.

Die argument dat ons onself moet verlustig in eiewaarde omdat Jesus vir ons gesterf het, is foutief. Die idee dat Christus vir sondaars gesterf het omdat hulle kosbaar is, is nie Bybels nie. Inderdaad, Romeine 3:12 sê spesifiek dat sondaars “onbruikbaar” of “waardeloos” was. Het God

⁹ Robert Schuller, *Self-Love: Dynamic Force of Success* (New York: Hawthorne Books, Inc., 1969), p. 32, aangehaal deur Paul Brownback in *The Danger of Self-Love* (Chicago: Moody Press, 1982), pp. 129-130.

waarde vir geld gekry toe Sy seun jou met sy lewe gekoop het? Die feit dat Jesus vir jou gesterf het, sê niks oor jou nie, maar alles oor God. Niks minder as die lewe van Christus as prys kon God se oneindige geregtigheid betaal nie.

Paulus skryf oor redding in Romeine 3:27 “Waar is dan die roem? Dit is uitgesluit.” Is dit nou ingesluit? Kan ons spog oor ons waarde, ons verdienstelikheid wat die aandag op die self vestig omdat Christus vir ons gesterf het? Dit is ook skepsel-aanbidding eerder as om die Skepper te aanbid, die geredde in plaas van die Redder.

Probleem 6: Vergelyking

Selfliefde, ‘n goeie selfbeeld en hoë eiewaarde berus almal op *vergeljking*. “Ek kan iets beter doen as ander mense; daarom is ek waardevol en hou van myself.” Dit is die belangrike strategie in James Dobson se selfliefde-teorie. Indien jou kind sukkel met sport, moedig hom aan om klavier te speel sodat hy homself met die atlete kan vergelyk en dan meerderwaardig voel. Dobson noem dit “kompensasie” en beskou dit as die beste wapen om die gevoel van minderwaardigheid in jou kind te beveg. (Net om die woord “minderwaardig” te gebruik, dui alreeds op vergelyking, nie waar nie?)

Die Bybel beskryf ‘n uitstekende voorbeeld van hoe ‘n mens meerderwaardig kan voel: die Fariseër in die Tempel.

En Hy het ook met die oog op sommige wat op hulleself vertrou dat hulle regverdig is en die ander verag, hierdie gelykenis vertel. Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar. En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie—rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry. En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig! Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word.

Lukas 18:9-14

Die Fariseër is 'n uitstekende Bybelse voorbeeld van die selfliefde. Hoe het hy sover gekom in sy hoë selfagting? Hy het homself vergelyk met ander mense. So 'n selftevrede vergelyking is sonde. Jesus sê dat hulle wat hulself met God vergelyk en besef dat hulle onwaardig is, word gered. Maar hulle wat hulself met ander mense vergelyk en 'n goeie selfbeeld ontwikkel, word nie gered nie.

Probleem 7: Eie-roem

Goeie gevoelens ten opsigte van die self asook 'n goeie selfbeeld volg nie alleen op die sonde om te vergelyk nie, maar ook op die sonde van eie-roem. Dit mag moontlik nie

oor sy lippe kom nie, maar om gedurig sy goeie selfbeeld in stand te hou, moet die persoon wat homself lief het, gedurig op self-verheffende gedagtes konsentreer: “Ek is wonderlik. Ek is aantreklik. Ek is oulik.” So ‘n positiewe selfgesprek is niks minder as geheime eie-roem nie.

In die Bybel is nog ‘n voorbeeld van goeie selfbeeld, hoë eiewaarde en “selfgesprek”. Sy naam was Nebukadnésar. “Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot ‘n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, tot verheerliking van my majesteit nie?” (Daniël 4:30). Dit het die koning van Babel ontgaan dat God ook geweet het wat hy hardop gedink het.

Terwyl die woord nog in die mond van die koning was, val daar ‘n stem uit die hemel: ‘Koning Nebukadnésar, jou word aangesê - die koningskap word jou ontnem’.

Daniël 4:31

LW: In die 1983 vertaling lees ons die volgende in vers 31: “Daar is besluit, koning Nebukadnesar, dat jy uit jou koningskap onthef gaan word.”

Laat ‘n ander jou prys en nie jou eie mond nie; ‘n vreemde, en nie jou eie lippe nie.

Sprenke 27:2

Selfliefde-voorstanders moedig openlik mense aan om hierdie vers te ignoreer en om eie-roem te bevorder: “Ek kan dit doen. Ek is spesiaal. Ek glo in myself.” God vereis iets heeltemal anders.

So sê die Here: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en my ken, dat Ek die Here is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die Here.

Jeremia 9:23,24

Probleem 8: Vrees vir Mense

In Spreuke 29:25 lees ons “Die vrees vir die mens span 'n strik.” Dink aan sommige Jode wat wel Jesus gevolg het, maar nie wou hê dat ander daarvan weet nie. “Want hulle het die eer van mense meer liefgehad as die eer van God” (Johannes 12:42). Die vrees vir mense is geestelik vernietigend. God verdoem die begeerte na aanvaarding deur ander mense. Tog moedig die voorstanders van selfliefde dié begeerte (wat God verdoem) vir die goedkeuring van mense, willens en wetens aan.

James Dobson skryf: “Ons selfbeeld word gevoed deur wat ons in ander mense se oë ten opsigte van onself gereflekteer sien.”¹⁰ Met ander woorde, almal om my is verantwoordelik om my selfbeeld in stand te hou. Self-

¹⁰ Robert Schuller, *Self-Love: Dynamic Force of Success* (New York: Hawthorne Books, Inc., 1969), p. 32, aangehaal deur Paul Brownback in *The Danger of Self-Love* (Chicago: Moody Press, 1982), pp. 129-130.

liefhebbers raak verslaaf. Hulle kan nie sonder die aanhoudende “Jy is wonderlik”-aanmerkings funksioneer nie. As jy sou waag om sonde of ‘n fout uit te wys, reageer hulle in woede: “Jy bou my nie op nie.”

Indien jou vrede, standvastigheid en goeie gedrag afhanklik van ander mense is, dan word jy soos ‘n willenslose bal wat heen en weer hop afhangende van die lof wat jy van ander mense ontvang of nié ontvang nie. Jy is ‘n slaaf van jou vrees-vir-mense; ‘n aanbieder wat kniel voor sy eie afgod, nl. die aanvaarding deur mense. Vrees vir mense is sonde, nie ‘n manier om deur die lewe te kom nie.

Probleem 9: Teenstrydigheid

Ten spyte van Paulus se waarskuwing teen selfingenomenheid in 2 Timoteus 3:2, word ons wysgemaak om onself éérs lief te hê vóórdát ons ander kan liefhê. Dit word as volg gestel: “Indien ons meer op ons self fokus, sal ons meer betrokke kan wees by dinge aangaande God en ons medemens.” Dit is *teenstrydig*. Soos alle hartstogtelike liefdes, word die selfliefde dan eksklusief en verterend. As ek vyftig persent van my aandag en toegeneentheid op myself rig, dan het ek vyftig persent oor vir God en ander mense. Wanneer ek sewentig persent daarvan vir myself hou, het ek dertig persent oor vir God en ander mense. Indien ek honderd persent aan myself wy, hoeveel bly oor vir God en ander mense?

Soos die skrywer Allan Bloom genoem het: “Dit word verkondig dat die persoon wat op homself gefokus is, werklik

besorg is oor ander mense.” Op hierdie uitlating kan ek as volg antwoord: “Indien mens dít glo, kan jy enigiets glo.”¹¹

¹¹ Aangehaal in Prophets of Psychoheresy II, p. 136.

Slotwoord

Jesus sê in Matteus 22:37-39: “Jy moet God liefhê...Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” Hier is twee opdragte en een veronderstelling. Die veronderstelling is dat ons alreeds instinktief selfbehoudend reageer. Jesus verwag dat daardie instink as leermeester moet dien, hoe om vir ander mense om te gee.

Dink nou net, ek stap op ‘n snikhete dag in die veld en kom op twee glase water af. Die water in die een glas is koel, helder en suiwer. Die ander een s’n is warm en besoedel met chemikalieë en het ‘n sieklike kleur. Watter glas water, dink jy, sal ek drink? Natuurlik die koel, helder, suiwer water!

Maar indien ek saam met my *vrou* op so ‘n snikhete dag in die veld sou stap? Watter glas se water sou ek drink en watter een sou ek vir my vrou gee? Die ingebore instink om die beste vir myself te neem, moet ‘n leermeester wees om my te leer om die beste vir my naaste te gee. Sy kry die beste glas. Ek moet dus my naaste liefhê soos myself.

Jesus se stelling bedoel nie dat ek aangename en liefhebbende gevoelens en hoë agting vir myself moet koester nie. Die Bybel se antwoord vir die self-probleem verskil heeltemal van die wêreld s’n. Die wêreld se goeie-selfbeeld-leringe moedig mense aan, om vanuit ‘n sogenaamde onaangename vorm van selfgesentreerdheid (nl. ‘n tekort aan selfliefde) na ‘n aangename vorm van selfgesentreerdheid (nl. ‘n goeie selfbeeld of selfliefde) te beweeg. Wanneer ons Jesus navolg, is ons nie op onself

gefokus nie. Jesus en Sy dood aan die kruis is voldoende. Ons leef tot God se verheerliking, nie ons eie verheerliking nie. Ons draai weg van selfliefde en koester dit nie. Ons vra vergifnis vir die fokus op onself; ons bevorder dit nie.

In Christus word die self gering geag, verloën, vreugdevol agtergelaat en dood verklaar. Fokus op die self, positief of negatief, is en was nooit 'n Bybelse riglyn nie. In Christus word die stem van selfgesentreerdheid gedoof en ons verlustig onself in liefde vir God en ons naaste.

Boekies reeds vertaal in Afrikaans

- **Kinderdoop of die Doop van Gelowiges?**
Het jy vrae oor die Doop?
- **Die Bybel en Selfliefde**
Word Christene beveel om *hulself* lief te hê?
- **Oorwin Woede**
’n Bybelse handleiding om geduldig, verdraagsaam en lankmoedig te word.
- **Vergifnis**
’n Bybelse handleiding om te vergewe soos God vergewe.
- **Vrae en Antwoorde oor Genesing, Spreek in Tale en Profesie**
Wat sê die Bybel werklik oor wonderwerkende tekens en gawes?

